*Sondag* **16 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:16**

**Dra die naam "Christen" met trots en vrymoedigheid**

Om 'n broer in die tronk te hê, is vir enige familie 'n skande. En wanneer jy self daardie broer is, is die skande op jou. Want dan weet almal jy is 'n dief of 'n moordenaar of skuldig aan 'n ander misdaad. Dié skande wat jy moet verduur, is deel van die lyding waarmee jy as misdadiger gestraf word.

Vir 'n Christen is die skande nog erger, want oor sy misdaad skaam hy hom voor God. Sy misdaad is boonop 'n klad op die naam "Christen", en doen God se Naam oneer aan. Daarom skryf die apostel Petrus in vers 15: *"As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of kwaadstoker nie."*

Tog gebeur dit soms dat 'n Christen straf of lyding moet verduur sonder dat hy 'n misdaad gepleeg het, net omdat hy in Christus glo, soos die lesers aan wie Petrus geskryf het. Die Romeinse keiser Nero het destyds Christene gearresteer, gemartel en selfs laat doodmaak, om geen ander rede nie as oor hulle geloof. Petrus troos hulle: *"Wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie."* In vers 14 herinner hy hulle aan Jesus se woorde in sy bergrede (Matt. 5:11): *"Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg."*

So troos die Heilige Gees geloofsmartelare deur die eeue, ook gelowiges in ons tyd wat vervolging moet verduur. Die vervolging is nie noodwendig fisies van aard nie. Soms is die lyding geestelik, weens beledigings of benadeling deur 'n goddelose samelewing, of weens die bespotting van ongelowiges en die aftakeling van ons Christelike waardes. Onder sulke lyding vertroos die Gees ons met Petrus se woorde*: "As iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie."*

Inteendeel, skryf Petrus, juis dan moet ons kop omhoog hou en die Christen-naam met trots dra. Nie trots oor onsself nie, maar ons trots is gegrond in die Here wat ons aanbid en dien. As ons aanhou om sonder skaamte met vrymoedigheid sy Naam te bely, selfs al bring dit vir ons lyding, word ons lewe 'n getuienis van God se almag en heerlikheid in hierdie wêreld – op die ou einde tot beskaming van sy vyande.

*Sing: Psalm 46-1:1, 2*

*Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)*